(6) Elke mosie bedoel in subartikel (1)(a), word by ontvangs gedateer en genommer en die stadsekretaris plaas dit op die sakelys in die volgorde waarin hy dit ontvang het: Met dien verstande dat 'n mosie wat 'n ander mosie wysig, onmiddellik na laasgenoemde mosie op die sakelys geplaas word, afgesien van die tydstip wanneer kennis van die mosie om te wysig gegee is.

(7) Van geen lid verskyn daar in 'n sakelys meer as een mosie bedoel in subartikel (1)(a) uitgesonderd 'n uitgestelde mosie nie, en geen lid gee gedurende enige een kalender jaar van meer as ses mosies kennis nie.

(8) Wanneer 'n lid 'n mosie ingevolge hierdie artikel indien wat—

(a) die herroeping of verwysing van 'n besluit van die raad wat binne die vooraafgaande drie maande geneem is ten doel het; of

(b) dieselfde strekking het as 'n mosie wat binne die vooraafgaande drie maande verwerp is, word sodanige mosie slegs op die sakelys geplaas indien die kennisgewing van sodanige mosie deur minstens drie lede, benewens die voorsteller daarvan, onderteken is.

(9) 'n Mosie wat soortgelyk is as die wat ooreenkomstig die bepalings van subartikel (8) afgehandel is, word nie weer, voor die verloop van ses maande na sodanige afhandeling, deur 'n lid ingedien nie.

(10) Ondanks die bepalings van subartikels (8) en (9), kan die raad te eniger tyd enige van sy besluite herroep of wysig na aanleiding van 'n aanbeveling van die uitvoerende komitee.

(11) Wanneer mosies aan die orde kom—

(a) lees die stadsekretaris die nommer van elke mosie en die naam van die voorsteller daarvan uit;

(b) stel die voorsitter vas watter mosies onbestrede is en daardie mosies word sonder debat aangeneem, en daarna stel die voorsitter elkeen van die bestrede mosies beurtelings aan die orde.

Spesiale mosies

16A. Ondanks andersluidende bepalings in hierdie verordeninge vervat, kan minstens een-derde van die lede, of waar die raad uit meer as 18 lede bestaan, mintens ses lede, op 'n gewone vergadering skriftelik versoek dat 'n spesiale vergadering van die raad belê word om 'n debat te voer oor enige aangeleentheid, uitgesonderd 'n aangeleentheid in artikel 17(b) bedoel, en in so 'n geval belê die stadsklerk 'n spesiale vergadering van die raad vir daardie doel binne 60 dae van sodanige versoek: Met dien verstande dat so 'n vergadering nie langer as ses uur mag duur nie: Voorts met dien verstande dat slegs een so 'n vergadering gedurende enige een kalenderjaar belê mag word.

Onreëlmatige mosies of voorstelle

17. Die voorsitter verwerp 'n mosie of voorstel—

(a) wat na sy mening—

(i) tot die bespreking van 'n saak wat alreeds in die agenda vervat is, sou lei of wat nie betrekking het op die administrasie van of toestande in die munisipaliteit nie; of

(ii) argumente aanvoer, 'n mening uitspreek of onnodige feitelike, inkriminerende, neerhalende of onbehoorlike beweerings bevat:

(b) ten opsigte waarvan—

(i) die raad nie regsbevoegdheid het nie;

(ii) 'n beslissing deur 'n geregtelike of kwasie-geregtelike liggaam hangende is;

wat nie behoorlik gesekondeer is nie;

(c) wat as dit aangeneem sou word, strydig met die bepalings van hierdie verordeninge of van enige ander wet, of onuitvoerbaar sal wees: Met dien verstande dat indien sodanige mosie of voorstel na die mening van die raad verdere ondersoek regverdig, dit na die uitvoerende komitee verwys moet word.

Withdrawal of motion or proposal

18. (1) A motion or proposal may be withdrawn or amended by the mover with the consent of the council which shall be given or refused without debate.

(2) After consent for the withdrawal of a motion or proposal has been granted, no member shall speak upon such motion or proposal.

(3) After consent for the withdrawal of a motion or proposal has been refused, a member may speak upon such motion or proposal.

Motion or proposal affecting budget to be referred to executive committee

19. A motion or proposal, other than a proposal as contemplated in section 12(5)(c) that the executive committee reconsider its resolution, which is designed to increase or dedrease the approved budget of the council, shall not be adopted before the executive committee has reported thereon to the council: Provided that such a report by the executive committee may be dispensed with if the chairman of the executive committee deems such report unnecessary.

Motion or proposal affecting a by-law or Law to be referred to executive committee

20. A motion or proposal other than a recommendation of the executive committee affecting the making or amendment of a law or a by-law shall, before the council adopts a resolution thereon, be submitted to the executive committee for a report thereon.

Proposals which may be received

21. (1) Subject to the provisions of section 40, when a motion or proposal is under debate at a meeting, no further proposal shall be received except the following:

(a) To amend the motion or proposal;

(b) that the matter be referred back to the executive committee for further consideration;

(c) that consideration of the question be postponed;

(d) that the meeting do now adjourn;

(e) that the debate be adjourned;

(f) that the question be put to the vote;

(g) that the council do proceed to the next business: Provided that such proposal shall only be deemed to have been submitted to the council for decision, if it was duly seconded.

(2) A proposal in terms of subsection (1)(a) and (b) may only be put by a member while he is speaking on a motion or proposal under debate.

(3) If a proposal is put in terms of subsection (1)(a) or (b), no further proposal may be put in terms of subsection (1) before the mover and seconder of the motion or proposal under debate have spoken thereon.

(4) A proposal in terms of subsection (1)(c), (d), (e), (f) or (g) by a member who did not take part in the debate on the motion or proposal under discussion, may only be put at the conclusion of a speech.

(5) A second proposal in terms of subsection (1)(c), (d), (e), (f) or (g) shall not be made within half an hour of a similar proposal on the same matter unless, in the opinion of the chairman, the circumstances are materially altered.

(6) Save as provided for in subsections (2) and (3), a member who has made a proposal in terms of subsection (1), may speak thereon for not more than five minutes, but the seconder shall not be allowed to speak thereon, and there shall be no right of reply.

(7) The member who put the motion or proposal under debate may, when a proposal is made in terms of subsection (1), without forfeiting his right of reply if the proposal is not carried, speak on such proposal for not more than five minutes and subsequently the proposal shall be put without further debate.

(8) A proposal in terms of subsection (1) shall be dealt with in terms of the provisions of sections 22 to 28.

Terugtrekking van mosies of voorstelle

18. (1) 'n Voorsteller kan 'n mosie of voorstel met toestemming van die raad terugtrek of wysig en toestemming word sonder bespreking verleen of geweier.

(2) Nadat toestemming tot die terugtrekking van 'n mosie of voorstel verleen is, praat 'n lid nie oor so 'n mosie of voorstel nie.

(3) Nadat toestemming tot die terugtrekking van 'n mosie of voorstel geweier is, kan 'n lid oor so 'n mosie of voorstel praat.

Mosie of voorstel wat begroting raak word na die uitvoerende komitee verwys

19. 'n Mosie of voorstel wat sal meebring dat die goedgekeurde begroting van die raad toe- of afneem, uitgesonderd 'n voorstel bedoel in artikel 12(5)(c) dat die uitvoerende komitee sy besluit heroorweeg, word nie aanvaar nie voordat die uitvoerende komitee verslag daaroor aan die raad gedoen het nie: Met dien verstande dat daar van sodanige verslag van die uitvoerende komitee afgesien kan word indien die voorsitter van die uitvoerende komitee van mening is dat sodanige verslag onnodig is.

Mosie of voorstel wat 'n verordening of Wet raak word na die uitvoerende komitee verwys

20. 'n Mosie of voorstel, uitgesonderd 'n aanbeveling van die uitvoerende komitee, wat die opstel of wysiging van 'n wet of 'n verordening raak, word, voordat die raad daaroor besluit, aan die uitvoerende komitee voorgelê om verslag daaroor aan die raad te doen.

Voorstelle wat ingedien kan word

21. (1) Behoudens die bepalings van artikel 40 mag, wanneer 'n mosie of voorstel by 'n vergadering bespreek word, geen ander voorstel, behalwe die volgende, ingedien word nie:

(a) Dat die mosie of voorstel gewysig word;

(b) dat die saak na die uitvoerende komitee terugverwys word sodat dit verder oorweeg kan word;

(c) dat oorweging van die saak uitgestel word;

(d) dat die vergadering verdaag word;

(e) dat die debat opgeskort word;

(f) dat daar oor die saak gestem word;

(g) dat die raad tot die volgende saak oorgaan: Met dien verstande dat so 'n voorstel slegs beskou word as aan die raad vir beslissing gestel, indien dit behoorlik gesekondeer is.

(2) 'n Voorstel ingevolge subartikel (1)(a) en (b) kan slegs deur 'n lid ingedien word tydens sy toespraak oor die mosie of voorstel onder bespreking.

(3) Indien 'n voorstel ingevolge subartikel (1)(a) of (b) ingedien is, mag geen ander voorstel ingevolge subartikel (1) ingedien word voordat die indiener en sekondant van die mosie of voorstel onder bespreking daaroor gepraat het nie.

(4) 'n Voorstel ingevolge subartikel (1)(c), (d), (e), (f) of (g) kan slegs na afloop van 'n toespraak ingedien word deur 'n lid wat nie aan die debat oor die mosie of voorstel onder bespreking deelgeneem het nie.

(5) 'n Tweede voorstel ingevolge subartikel (1)(c), (d), (e), (f) of (g) mag nie binne 'n halfuur na 'n dergelike voorstel oor dieselfde saak ingedien word nie, tensy die omstandighede na die mening van die voorsitter ingrypend verander het.

(6) Behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3), kan 'n lid wat 'n voorstel ingevolge subartikel (1) ingedien het, hoogstens vyf minute daaroor praat, maar die sekondant word nie toegelaat om daaroor te praat nie, en daar is geen reg van repliek nie.

(7) Die lid wat die mosie of voorstel onder bespreking ingedien het, kan wanneer 'n voorstel ingevolge subartikel (1) ingedien is, hoogstens vyf minute oor laasgenoemde voorstel praat sonder om sy reg van repliek te verbeur as die voorstel verwerp word, en daarna word sonder verdere debat oor die voorstel ingevolge subartikel (1) gestem.

(8) 'n Voorstel ingevolge subartikel (1) word ooreenkomstig die toepaslike bepalings van artikels 22 tot 28 hanteer.

Amendment of a motion or proposal

22. (1) An amendment which is moved in terms of section 21(1)(a)—

(a) shall be relevant to the motion or proposal on which it is moved;

(b) shall be reduced to writing, signed by the mover and handed to the chairman; and

(c) shall be clearly stated to the meeting by the chairman before it is put to the vote.

(2) Subject to the provisions of section 21(3), more than one amendment of a motion or proposal may be moved and, save as provided in subsection (5), every amendment proposed shall at the close of the debate on such motion or proposal, be put to the vote.

(3) If more than one amendment to a motion or proposal has been moved, such amendments shall be put to the vote in the order in which they were moved.

(4) No member shall move more than one amendment of the same motion or proposal.

(5) If an amendment is carried, the amended motion or proposal shall take the place of the original motion or proposal and shall then become the motion or proposal in respect of which any further proposed amendments shall be put: Provided that the chairman may, if he is of the opinion that an amendment which has been carried renders another amendment unnecessary or pointless, rule that such other amendment need not to be put, after which the latter amendment shall lapse.

The question shall be referred back for further consideration

23.(1) A proposal in terms of section 21(1)(b) shall only be made in respect of a recommendation by the executive committee which is being considered by the council.

(2) A proposal in terms of section 21(1)(b) shall not be put until the chairman of the executive committee has spoken on it, and if such proposal is carried, the debate on the recommendation shall end and the council shall proceed to the next business.

Postponement of consideration of question

24. If a motion is carried that consideration of a question be postponed, as contemplated in section 21(1)(c), to a stated date, the motion or proposal, if the question did not arise from a recommendation of the executive committee shall, subject to the provisions of section 26, be placed first among the motions or proposals contemplated in section 7(1)(i), which are to be considered on the particular later date, or if such a question arises from a recommendation of the executive committee, it shall be contained in the report of that committee to the council on the day in question.

Adjournment of meeting

25. No member shall at any meeting move or second more than one proposal for the adjournment of the meeting.

Adjournment of the debate

26. (1) If a proposal that the debate be adjourned, as contemplated in section 21(1)(e), is carried, the council shall deal with the next question on the agenda and the question in respect of which the debate has been adjourned shall, notwithstanding the provisions of section 24, be placed first on the list of motions or proposals contemplated in section 7(1)(i), of the next meeting and the discussion thereof shall be resumed at that meeting.

(2) On the resumption of an adjourned debate, the member who moved its adjournment shall be entitled to speak first.

(3) No member shall move or second more than one proposal for adjournment of the same debate.

Putting of the question

27. The mover of a motion or proposal under debate shall, notwithstanding the fact that the proposal has been adopted in terms of section 21(1)(f), have the right to reply in terms of section 32 before the matter is put to the vote.

Wysiging van 'n mosie of voorstel

22. (1) 'n Wysiging wat ingevolge artikel 21(1)(a) voorgestel word—

(a) moet betrekking hê op die mosie of voorstel ten opsigte waarvan dit voorgestel word;

(b) word op skrif gestel, deur die voorsteller onderteken en aan die voorsitter oorhandig; en

(c) word duidelik deur die voorsitter aan die vergadering gestel voordat daaroor gestem word.

(2) Behoudens die bepalings van artikel 21(3) kan meer as een wysiging van 'n mosie of voorstel ingedien word en, behoudens die bepaling van subartikel (5), moet elke wysiging wat voorgestel word, by die sluiting van die debat oor sodanige mosie of voorstel tot stemming gebring word.

(3) Indien meer as een wysiging van 'n mosie of voorstel ingedien is, word sodanige wysigings in die volgorde waarin dit ingedien is, tot stemming gebring.

(4) 'n Lid stel nie meer as een wysiging van dieselfde mosie of voorstel voor nie.

(5) Indien 'n wysiging aangeneem word, word die oorspronklike mosie of voorstel vervang deur die mosie of voorstel soos gewysig, wat dan die mosie of voorstel word ten opsigte waarvan enige verdere wysigings wat voorgestel is, tot stemming gebring word: Met dien verstande dat die voorsitter, indien 'n wysiging wat aangeneem is na sy mening 'n ander wysiging onnodig of sinneloos maak, kan beslis dat sodanige ander wysiging nie tot stemming gebring hoef te word nie, waarna laasgenoemde wysiging verval.

Die saak word vir verdere oorweging terugverwys

23.(1) 'n Voorstel ingevolge artikel 21(1)(b) word slegs ingedien ten opsigte van 'n aanbeveling van die uitvoerende komitee wat deur die raad oorweeg word.

(2) Daar word nie oor 'n voorstel ingevolge artikel 21(1)(b) gestem voordat die voorsitter van die uitvoerende komitee daaroor gepraat het nie, en indien so 'n voorstel aanvaar word, word die bespreking van die aanbeveling gestaak en gaan die raad oor tot die volgende saak.

Uitstel van oorweging van saak

24. Indien daar besluit word om oorweging van 'n saak tot 'n bepaalde datum uit te stel, soos in artikel 21(1)(c) beoog, word die mosie of voorstel, indien die saak nie uit 'n aanbeveling van die uitvoerende komitee voortvloei nie, behoudens die bepalings van artikel 26, eerste geplaas onder die mosies of voorstelle in artikel 7(1)(i) beoog wat op die bepaalde datum oorweeg word, of indien die saak uit 'n aanbeveling van die uitvoerende komitee voortvloei, word dit vervat in die verslag wat daardie komitee op die betrokke datum aan die raad voorlê.

Verdaging van vergadering

25. Geen lid dien op 'n vergadering meer as een voorstel ter verdaging van die vergadering in, of sekondeer meer as een sodanige voorstel nie.

Opskorting van die debat

26. (1) Indien 'n voorstel aanvaar word dat die debat opgeskort word, soos in artikel 21(1)(e) beoog, behandel die raad die volgende saak wat in die agenda verskyn en word die saak ten opsigte waarvan die debat opgeskort is, ondanks die bepalings van artikel 24, eerste geplaas op die lys van mosies of voorstelle in artikel 7(1)(i) beoog, van die volgende vergadering, en die bespreking daarvan word by daardie vergadering hervat.

(2) Wanneer 'n debat wat opgeskort is, hervat word, is die lid wat voorgestel het dat dit opgeskort word, geregtig om eerste te praat.

(3) Geen lid maak meer as een voorstel ter opskorting van dieselfde debat of sekondeer meer as een sodanige voorstel nie.

Stemming oor die saak

27. Die voorsteller van 'n mosie of voorstel onder bespreking het ondanks die feit dat 'n voorstel ingevolge artikel 21(1)(f) aangeneem is, die reg om ingevolge artikel 32 repliek te lewer, voordat daar oor die saak gestem word.

Proposal that Council proceed to next business

28. (1) A proposal in terms of section 21(1)(g) may be carried unless the council is required on legal grounds to pass a resolution on a particular question.

(2) If a proposal in terms of section 21(1)(g) is carried, the question under discussion shall be dropped and shall lapse.

Precedence of chairman

29. Whenever the chairman speaks, any member then speaking or offering to speak is to be silent so that the chairman may be heard without interruption.

Members to stand while speaking

30. (1) A member may stand when speaking and shall address the chair.

(2) If a member who is not speaking indicates that he wishes to raise a point of order or to give a personal explanation and such member is seen and addressed by the chairman, the member then speaking is to be silent until the chairman has made a ruling.

Length of speeches

31. (1) Subject to the provisions of sections 12, 21, 40 and 53, a member may speak for no longer than 15 minutes on a motion or proposal: Provided that the council may permit a speech to be continued for a further period or periods of 10 minutes.

(2) The council may waive the provisions of subsection (1) in regard to a statement made with the consent of the council by the chairman of the executive committee or a member of the executive committee, in relation to any matter arising from a report of the executive committee.

(3) A member shall not read his speech but may refresh his memory by referring to notes.

(4) The provisions of this section shall not apply to a member delivering the chairman's report or in the presentation of the estimates of income and expenditure.

Member to speak only once

32. (1) Subject to provisions to the contrary in these by-laws contained, no member shall speak more than once on any motion or proposal: Provided that the mover may reply in conclusion of the debate, but shall confine himself to answering to previous speakers and shall not introduce any new matter into the debate.

(2) The council may permit the chairman of the executive committee or a member who made a proposal in terms of section 12 to make an explanatory statement prior to the consideration of any particular item contained in the report of the executive committee or during the discussion of such report, in reply to a specific question.

Relevance

33. A member who speaks shall direct his speech strictly to the matter under discussion or to an explanation or a point of order and no discussion shall be permitted—

(a) which will anticipate any matter on the agenda; or

(b) in respect of any matter in respect of which a decision by a judicial or quasi-judicial body or a commission of inquiry, whether instituted in terms of legislation or not, is pending: Provided that such matter may be considered with the permission of the council.

Irrelevance, tedious repetition, unbecoming language and breach of order

34. (1) The chairman shall call the attention of the members to irrelevance, tedious repetition, unbecoming language or any breach of order on the part of a member and shall direct such member, if speaking, to discontinue his speech or, in the event of persistent disregard of the authority of the chair, to retire from the meeting.

(2) The chairman shall direct a member to apologise or withdraw an allegation if it is unbecoming or injures or impairs the dignity or honour of a member or officer of the council.

Removal or exclusion of member

35. (1) If a member refuses to comply with a direction in terms of section 34, the chairman may direct an officer to remove the member or to cause his removal and to take steps to prevent his return to the meeting.

Voorstel dat Raad tot die volgende saak oorgaan

28. (1) 'n Voorstel ingevolge artikel 21(1)(g) kan aanvaar word tensy 'n wetsbepaling vereis dat die raad 'n besluit oor 'n bepaalde saak moet neem.

(2) Indien 'n voorstel ingevolge artikel 21(1)(g) aanvaar word, word daar van die saak onder bespreking afgestap en verval sodanige saak.

Voorsitter geniet voorrang

29. Wanneer die voorsitter praat, bewaar enige lid wat aan die woord is of wil praat die swye sodat die voorsitter ongehinderd aangehoor kan word.

Lid staan terwyl hy praat

30. (1) 'n Lid kan staan terwyl hy praat en hy spreek die voorsitter aan.

(2) Indien 'n lid wat nie besig is om te praat nie, aantoon dat hy 'n punt van orde wil stel of 'n persoonlike verduideliking wil gee en sodanige lid deur die voorsitter gesien en aangespreek word, bewaar die lid wat besig is om te praat die swye totdat die voorsitter 'n reëling getref het.

Duur van toesprake

31. (1) Behoudens die bepalings van artikels 12, 21, 40 en 53 kan 'n lid hoogstens 15 minute oor 'n mosie of voorstel praat: Met dien verstande dat die raad kan toelaat dat 'n toespraak vir 'n verdere tydperk of tydperke van 10 minute duur.

(2) Die raad kan die bepalings van subartikel (1) tersyde stel ten opsigte van 'n verklaring wat die voorsitter van die uitvoerende komitee of 'n ander lid van die uitvoerende komitee met die raad se toestemming doen, in verband met enige aangeleentheid wat uit 'n verslag van die uitvoerende komitee voortspruit.

(3) 'n Lid mag sy toespraak nie voorlees nie, maar kan sy geheue verfris deur aantekeninge te raadpleeg.

(4) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing op 'n lid wanneer hy die voorsittersverslag lewer of wanneer hy die begroting van inkomste en uitgawe voorlê nie.

Lid mag net een maal praat

32. (1) Behoudens andersluidende bepalings in hierdie verordeninge vervat, praat 'n lid nie meer as een keer oor 'n mosie of voorstel nie: Met dien verstande dat die voorsteller repliek kan lewer waarmee die debat afgesluit word, maar hy moet hom streng by 'n antwoord aan vorige sprekers bepaal en nie nuwe sake te berde bring nie.

(2) Die raad kan die voorsitter van die uitvoerende komitee of lid wat 'n voorstel ingevolge artikel 12 gemaak het, toelaat om 'n saak te verduidelik voordat 'n bepaalde item van die verslag van die uitvoerende komitee oorweeg word of tydens die bespreking van sodanige verslag in antwoord op 'n bepaalde vraag.

Bespreking moet ter sake wees

33. 'n Lid wat praat, bepaal hom stiptelik by die saak onder behandeling of by 'n verduideliking of 'n punt van orde en geen bespreking word toegelaat nie—

(a) wat 'n aangeleentheid wat in die sakelys verskyn, vooruitloop; of

(b) van 'n aangeleentheid ten opsigte waarvan 'n beslissing deur 'n geregtelike of kwasie-geregtelike liggaam of 'n kommissie van ondersoek ingestel kragtens wetgewing al dan nie, hangende is: Met dien verstande dat sodanige aangeleentheid met die toestemming van die raad in komitee oorweeg kan word.

Nie-tersaaklikheid, vervelige herhaling, onbetaamlike taal en versteuring van orde

34. (1) Die voorsitter vestig die aandag van die lede op nie-tersaaklikheid, vervelige herhaling, onbetaamlike taal of enige versteuring van die orde deur 'n lid en indien so 'n lid praat, gelas hy hom om sy toespraak te staak of indien hy die gesag van die voorsitter voortdurend minag, om hom aan die vergadering te onttrek.

(2) Die voorsitter gelas 'n lid om verskoning te vra of om 'n bewering terug te trek indien dit onbetaamlik is of die waardigheid of eer van 'n lid of 'n amptenaar van die raad aantas of skend.

Verwydering of uitsluiting van lid

35. (1) Indien 'n lid weier om te voldoen aan 'n lasgewing ingevolge artikel 34, kan die voorsitter 'n beampte gelas om die lid te verwyder of te laat verwyder en om stappe te doen te voorkom dat die lid na die vergadering terugkeer.

(2) The council may exclude from meetings of the council for such period as it may determine but not exceeding 60 days, a member who wilfully disregards the authority of the chair or who wilfully obstructs the business at any meeting.

(3) A proposal to exclude any person may be moved at any stage of the meeting.

Points of order and personal explanation

36. (1) For the purposes of this section—

"a point of order" means pointing out any deviation of or anything contrary to these by-laws or other by-laws of the council or any law;

"a personal explanation" means the explanation of some material part of a member's former speech which may have been misunderstood.

(2) Any member, whether he has addressed the council on the matter under debate or not, may—

(a) rise a point of order;

(b) give a personal explanation.

(3) A member contemplated in subsection (2) shall be entitled to be heard forthwith.

(4) Subject to the provisions of section 38, the ruling of the chairman on a point of order or on the admissibility of a personal explanation shall be final and shall not be open to discussion.

Mode of voting

37. (1) Every motion or proposal shall be submited to the council by the chairman who shall call upon the members to indicate by a show of hands whether they are for or against it, and he shall thereupon declare the result of the voting.

(2) After the chairman has declared the result of the voting in terms of subsection (1), a member may demand—

(a) that his vote be recorded against the decision; or

(b) a division, by rising and putting such demand to the chairman.

(3) When a division in terms of subsection (2)(b) is demanded, the chairman shall accede thereto, and a bell shall rung for at least one minute, whereupon all entrances to the chamber shall be closed, and no member shall thereafter leave or enter the council chamber until after the result of the division has been declared.

(4) After expiry of the period specified in subsection (3), the motion or proposal shall again be put to the vote by the chairman in the manner provided for in subsection (5) and thereafter he shall declare the result of the division.

(5) A division shall take place in the manner prescribed in subsection (1) and the vote of each member shall be taken separately by name and recorded in the minutes of the town clerk or the town secretary.

(6) When a division takes place in accordance with the preceding provisions, every member present, including the chairman, shall be obliged to record his vote for or against the motion or proposal.

(7) A member demanding a division shall not leave the council chamber before such division has been taken.

(8) Should there be an equality of votes in respect of a proposal, except a proposal as contemplated in section 21, which is being put in terms of subsection (1) or (4) and the chairman refuses to record his casting vote as contemplated in terms of section 25 of the Ordinance, the matter shall be referred back to the executive committee for consideration.

Interpretation of standing orders

38. (1) Any member may request that the ruling of the chairman as to the interpretation of the Standing Orders be recorded in the minutes and a register of such ruling shall be kept by the town secretary.

(2) The chairman shall sign the entry in the register referred to in subsection (1) of each ruling given by him.

(3) A member who has made a request in terms of subsection (1), may orally during that meeting or within five days thereof in writing require the town secretary to submit the matter to the executive committee, in which event the executive committee shall consider the ruling and report thereon to the council.

(4) The council may, on the recommendation of the executive committee, direct that the ruling of the chairman be amended or substituted.

(5) If the chairman's ruling is amended or substituted in terms of subsection (4), the executive committee shall make a recommendation to the council on that matter.

(2) Die raad kan 'n lid wat opsetlik die gesag van die voorsitter minag of wat opsetlik die werksaamhede tydens 'n vergadering belemmer, uit vergaderings van die raad uitsluit vir die tydperk wat die raad bepaal, maar nie langer as 60 dae nie.

(3) 'n Voorstel om iemand uit te sluit kan op enige tydstip van die vergadering ingedien word.

Punt van orde en persoonlike verduideliking

36. (1) By die toepassing van hierdie artikel, beteken—

" 'n punt van orde" die uitwys van enige afwyking van of strydigheid met hierdie verordeninge of enige ander verordeninge van die raad of enige wet;

" 'n persoonlike verduideliking", die verduideliking van 'n wesenlike gedeelte van 'n lid se vroeëre toespraak wat moontlik nie reg verstaan is nie.

(2) Enige lid, ongeag of hy oor die saak onder bespreking gepraat het al dan nie, kan—

(a) 'n punt van orde stel;

(b) 'n persoonlike verduideliking gee.

(3) 'n Lid in subartikel (2) beoog, word dadelik aan die woord gestel.

(4) Behoudens die bepalings van artikel 38, is die beslissing van die voorsitter oor 'n punt van orde of oor die toelaatbaarheid van 'n persoonlike verduideliking finaal en word nie bespreek nie.

Wyse waarop gestem word

37. (1) Die voorsitter laat die raad oor elke bestrede mosie of voorstel stem deur die lede te versoek om met die opsteek van hande aan te dui of hulle ten gunste daarvan is, al dan nie, waarna hy die uitslag van die stemming bekend maak.

(2) Nadat die voorsitter die uitslag van 'n stemming ingevolge subartikel (1) bekendgemaak het, kan 'n lid eis dat—

(a) sy stem teen die besluit genotuleer word; of

(b) 'n hoofdelike stemminge gehou word; deur op te staan en so 'n eis aan die voorsitter te stel.

(3) Wanneer die hou van 'n hoofdelike stemming ingevolge subartikel (2)(b) geëis word, staan die voorsitter dit toe, word 'n klokkie minstens een minuut lank gelui, waarna elke ingang to die raadsaal toegemaak word, geen lid mag daarna die raadsaal verlaat of binnegaan nie totdat die uitslag van die hoofdelike stemming bekendgemaak is.

(4) Nadat die tydsduur in subartikel (3) vermeld, verstryk het, bring die voorsitter die mosie of voorstel weer tot stemming soos in subartikel (5) bepaal word en maak daarna die uitslag van stemming bekend.

(5) 'n Hoofdelike stemming vind plaas op die wyse in subartikel (1) bepaal en die stem van elke lid word afsonderlik by name opgeneem en deur die stadsklerk of die stadsekretaris in die notule aangeteken.

(6) Wanneer 'n hoofdelike stemming ooreenkomstig die voorafgaande bepalings plaasvind, is elke aanwesige lid, met inbegrip van die voorsitter, verplig om sy stem ten gunste van of teen die mosie of voorstel uit te bring.

(7) 'n Lid wat 'n hoofdelike stemming eis, verlaat nie die raadsaal voordat sodanige stemming afgehandel is nie.

(8) Indien daar 'n staking van stemme is ten opsigte van 'n voorstel, uitgenome 'n voorstel in artikel 21 beoog, waaroor daar ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) of (4) gestem word en die voorsitter weier om sy beslissende stem, soos in artikel 25 van die Ordonnansie beoog, uit te bring, word die aangeleentheid onder oorweging na die uitvoerende komitee terugverwys.

Vertolking van reglement van orde

38. (1) 'n Lid kan versoek dat die voorsitter se beslissing oor die vertolking van die Reglement van Orde, in die notule aangeteken word en die stadsekretaris hou 'n lys van sodanige beslissings by.

(2) Die voorsitter onderteken die inskrywing in die lys waarna in subartikel (1) verwys word, van elke beslissing wat hy gegee het.

(3) 'n Lid wat 'n versoek, ingevolge subartikel (1) gerig het, kan mondelings gedurende daardie vergadering of skriftelik binne vyf dae daarna, eis dat die stadsekretaris die saak aan die uitvoerende komitee voorlê, en in so 'n geval oorweeg die uitvoerende komitee die beslissing en doen daaroor verslag aan die raad.

(4) Die raad kan op aanbeveling van die uitvoerende komitee, gelas dat die voorsitter se beslissing gewysig of vervang word.

(5) Indien die voorsitter se beslissing ingevolge subartikel (4) gewysig of vervang word, moet die uitvoerende komitee aan die raad 'n aanbeveling maak aangaande daardie aangeleentheid.

Maintenance of order

39. (1) The chairman may at any time during a meeting, if he deems it necessary for the maintenance of order, direct an officer to remove or cause the removal of any person, excluding a member, from the council chamber or order that the public gallery be vacated.

(2) No person shall enter or remain in the council chamber unless, in the case of a male, he is wearing a shirt (with or without a tie) and long trousers, or safari suit with long trousers with shoes and socks, or tranditional ethnic dress, or in the cae of a female, she is wearing a dress, suit, blouse and skirt or trouser suit and shoes or traditional ethnic dress: Provided that such person may, with the permission of the chairman, be dressed otherwise.

(3) Any person who refuses to carry out any instruction given in terms of subsection (1), or who wilfully obstructs the carrying out of such instruction or otherwise contravenes the provisions of subsection (1) or (2), shall be guilty of an offence.

Council in committee

40. (1) Notwithstanding anything to the contrary in these by-laws contained, a member may—

(a) at any time after an item on the agenda has been called or during consideration thereof, move that the council resolves itself into committee in terms of section 23 of the Ordinance for the further consideration of that item; or

(b) if the council is in committee as contemplated in paragraph (a), move that for the further consideration of the item under debate, the council resolve to consider the matter in open council: Provided that the chairman of the executive committee or the member of the executive committee contemplated in section 12 (1), may at any time move that the council resolve itself into committee for consideration of one or more items on the agenda.

(2) No seconder is required for a motion in terms of subsection (1).

(3) Notwithstanding anything to the contrary in these by-laws contained, only the member moving a motion in terms of subsection (1) may speak on such motion for a period not exceeding five minutes and shall restrict his speech to the reasons why the council should resolve itself into committee or discuss the matter in open council, as the case may be: Provided that if a motion is moved in terms of subsection (1), the member concerned may speak for a period not exceeding five minutes on each item in respct of which such proposal is made.

(4) The chairman may, if in his opinion information is disclosed or is about to be disclosed in the course of a speech which may be prejudicial to the council or the inhabitants of the municipality, direct the member concerned to forthwith discontinue his speech.

(5) If the council is in committee, the provisions of these by-laws, except in so far as they are in conflict with this section, shall apply.

(6) If the council adopts a resolution in terms of subsection (1), the further debate on the item in question, whether in or out of committee, shall for all purposes be deemed to be a continuation of the preceding rebate on that item.

(7) If a proposal in terms of the proviso to subsection (1) is carried, the chairman shall determine when the items concerned shall be considered and all such items shall be considered consecutively.

(8) At the conclusion of the consideration of items in committee, the council shall revert to the consideration of further items in open council.

(9) When the council resolves itself into committee, all members of the public and council officials except the town clerk, the town secretary and such other officials as the chairman may require to remain, shall leave the council chamber and shall not return to the council chamber for the duration of the proceedings in committee.

(10) The chairman may direct an official to eject or cause to be ejected any person who remains in the council chamber in contravention of subsection (9), or take steps to prevent the entry of any person into such chamber in contravention of that subsection.

Handhawing van orde

39. (1) Die voorsitter kan te eniger tyd gedurende 'n vergadering, indien hy dit ter handhawing van die orde noodsaaklik ag, opdrag gee dat 'n beampte enige persoon, uitgesonder 'n lid, uit die raadsaal verwyder of laat verwyder, of dat die openbare galery ontruim word.

(2) Niemand mag die raadsaal binnegaan of daar bly nie tensy, in die geval van 'n man, hy 'n hemp (met of sonder 'n das) en langbroek, of langbroek safaripak met skoene en sokkies of tradisionele etniese drag of in die geval van 'n vrou, sy 'n rok, of 'n pak, of 'n bloes en romp of 'n broekpak met skoene of tradisionele etniese drag aan het: Met dien verstande dat so iemand met die toestemming van die voorsitter anders geklee kan wees.

(3) Enigiemand wat weier om 'n opdrag gegee ingevolge subartikel (1) uit te voer of wat hom opsetlik teen die uitvoering daarvan verset of andersins subartikel (1) of (2) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

Die Raad in komitee

40. (1) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie verordeninge vervat, kan 'n lid—

(a) te eniger tyd nadat 'n item op die sakelys aan die orde gestel is of gedurende die oorweging daarvan, voorstel dat die raad, vir die verdere oorweging van daardie item, besluit om ingevolge artikel 23 van die ordonnansie in komitee te gaan; of

(b) indien die raad in komitee is soos in paragraaf (a) beoog, voorstel dat vir die verdere oorweging van die item onder bespreking, die raad besluit om sodanige oorweging in die ope raad te doen: Met dien verstande dat die voorsitter van die uitvoerende komitee of die lid van die uitvoerende komitee in artikel 12 (1) beoog, te eniger tyd kan voorstel dat die raad besluit om in komitee te gaan vir die oorweging van een of meer items op die sakelys.

(2) Geen sekondant word benodig vir 'n voorstel ingevolge subartikel (1) nie.

(3) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie verordeninge vervat, kan slegs die lid wat 'n voorstel in subartikel (1) beoog maak, oor die voorstel praat en sy toespraak mag hoogstens vyf minute wees en dit moet beperk wees tot die redes waarom die raad moet besluit om in komitee te gaan of die saak verder in die ope raad te bespreek, na gelang van die geval: Met dien verstande dat indien 'n voorstel ingevolge die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) gemaak word die betrokke lid hoogstens vyf minute kan praat oor elke item ten opsigte waarvan sodanige voorstel gemaak word.

(4) Die voorsitter kan, indien na sy mening in die loop van 'n toespraak inligting wat tot nadeel van die raad of die inwoners van die munisipaliteit kan wees, openbaar word of op die punt staan om openbaar te word, opdrag aan die betrokke lid gee om sy toespraak onmiddellik te staak.

(5) Indien die raad in komitee is, geld die bepalings van hierdie verordeninge, behalwe in soverre dit teenstrydig is met hierdie artikel.

(6) Indien die raad 'n besluit ingevolge subartikel (1) neem word die verdere debat oor die betrokke item, ongeag of dit in komitee of die ope raad gevoer word, vir alle doeleindes geag 'n voortsetting te wees aan die voorafgaande debat op daardie item.

(7) Indien 'n voorstel ingevolge die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) aanvaar word, bepaal die voorsitter wanneer die betrokke items oorweeg word en alle sodanige items word agtereenvolgens oorweeg.

(8) Na afhandeling van die items vir oorweging in komitee, moet die raad terugkeer na die oorweging van verdere items in die ope raad.

(9) Wanneer die raad besluit om in komitee te gaan, moet alle lede van die publiek en amptenare van die raad, behalwe die stadsklerk, stadsekretaris en sodanige ander beamptes wat die voorsitter aanwys, die raadsaal verlaat en hulle mag nie na die raadsaal terugkeer vir die duur van die verrigtinge in komitee nie.

(10) Die voorsitter kan opdrag gee dat 'n beampte enige persoon wat in die raadsaal agterbly of die raadsaal betree in stryd met subartikel (9), uit die raadsaal verwyder of laat verwyder, of stappe doen om enige persoon te verhinder om die raadsaal te betree in stryd met daardie subartikel.

Reports may be supplied to the press

41. The town secretary may, on application being made to him by any registered newspaper, supply to such newspaper or its representative, the agenda of the council: Provided that the executive committee or the town clerk may instruct him to withhold from the press any particular agenda or item in an agenda.

Reporting to executive committee

42. (1) For the purposes of this section, "head of a department" means the head of any section or branch who is not directly responsible to any senior official, other than the town clerk.

(2) A report of a head of a department shall be submitted to the town clerk who may in turn submit it to the executive committee: Provided that the town clerk shall submit a report when this is required by the council or executive committee or has to be considered by the council in terms of any law.

(3) The town clerk may refer a report back to the head of a department for amendment or any addition thereto and may, if he deems it necessary, comment or make a recommendation in respect of any report which he submits.

Time of executive committee meetings

43. (1) The executive committee shall determine the dates and times of its meetings.

(2) No meeting of the executive commiteee shall be held during a meeting of the council without the council's consent.

Notice of executive committee meetings

44. (1) An ordinary meeting of the executive committee shall be convened by way of a written notice signed by the town clerk or the town secretary and such notice shall contain the business to be dealt with.

(2) The notice contemplated in subsection (1) shall be delivered to every member of that committee personally or left at his business or residential address not later than 24 hours before the commencement of an ordinary meeting, and should the notice accidentally not be so delivered or left, the validity of the meeting shall not be affected thereby.

(3) If the executive committee has failed to meet twice in any month in which an ordinary meeting of the council is held, the town clerk shall report the reasons for such failure to the council at its next ordinary meeting.

Attendance register for executive committee meetings

45. (1) The town secretary shall keep an attendance register in which every member of the executive committee attending a meeting of that committee shall sign his name.

(2) Whenever a member who is not a member of the executive committee attends a meeting of that committee, he shall enter his name in the attendance register in a separate column provided for that purpose.

No quorum at executive committee meetings

46. If, after the expiry of 20 minutes after the time at which a meeting of the executive committee is due to commence there is no quorum, the meeting shall be held on a day and at an hour determined by the town clerk.

Participation in discussion at executive committee meetings

47. Any person requested or permitted by the executive committee to attend a meeting of that committee may, with the permission of the chairman, speak at such meeting.

Approval of minutes of executive committee meetings

48. (1) At any ordinary meeting of the executive committee, after consideration of applications for leave of absence, such minutes of any previous meeting of that committee as have not yet been confirmed shall, subject to the provisions of subsection (2), be read, approved with or without amendment and signed by the chairman of the executive committee on the last page thereof and every amendment and other page shall be initialled by him.

(2) The minutes contemplated in subsection (1) may be taken as read if they have been open to inspection by the members of the committee for not less than one hour prior to the commencement of the meeting: Provided that the minutes shall be read if a member so requires, unless the committee decides to defer consideration thereof to the next meeting: Provided further that if the minutes have been circulated in the manner provided in section 44(2), it shall not be competent for any member to require them to be read.

Verslae kan aan die pers verstrek word

41. Die stadsekretaris kan, wanneer daar aansoek by hom gedoen word deur enige geregistreerde nuusblad, of aan sy verteenwoordiger, die agenda van die raad verstrek: Met dien verstande dat die uitvoerende komitee of die stadsklerk hom kan gelas om enige besondere agenda of item in 'n agenda van die pers terug te hou.

Verslagdoening aan uitvoerende komitee

42. (1) By die toepassing van hierdie artikel beteken "hoof van 'n departement;" die hoof van enige afdeling of vertakking wat nie regstreeks aan enige senior beampte, uitgesonderd die stadsklerk, verantwoordelik is nie.

(2) 'n Verslag van 'n departementshoof word aan die stadsklerk gerig wat dit aan die uitvoerende komitee kan voorlê: Met dien verstande dat die stadsklerk 'n verslag wat deur die raad of uitvoerende komitee vereis word of wat ingevolge 'n wet deur die raad oorweeg moet word, moet voorlê.

(3) Die stadsklerk kan 'n verslag na 'n departementshoof terugverwys vir wysiging of aanvulling en kan, indien hy dit nodig ag, kommentaar lewer en 'n aanbeveling maak ten opsigte van enige verslag wat hy voorlê.

Tyd van uitvoerende komitee-vergaderings

43. (1) Die uitvoerende komitee stel die datums en tye vas waarop sy vergaderings gehou word.

(2) 'n Vergadering van die uitvoerende komitee word nie sonder toestemming van die raad tydens 'n vergadering van die raad gehou nie.

Kennisgewing van uitvoerende komitee-vergaderings

44. (1) 'n Gewone vergadering van die uitvoerende komitee word belê by wyse van 'n skriftelike kennisgewing wat deur die stadsklerk of stadsekretaris onderteken word en sodanige kennisgewing vermeld die sake wat behandel staan te word.

(2) Die kennisgewing in subartikel (1) beoog, word minstens 24 uur voor die aanvang van 'n gewone vergadering, aan elke lid van daardie komitee persoonlik besorg of by sy besigheids- of woonadres afgelewer en indien so 'n kennisgewing toevallig nie aldus besorg of afgelewer word nie, raak dit nie die geldigheid van die vergadering nie.

(3) Indien die uitvoerende komitee versuim het om twee keer in enige maand waarin 'n gewone vergadering van die raad gehou word byeen te kom, rapporteer die stadsklerk die redes vir sodanige versuim aan die raad op sy volgende gewone vergadering.

